Week 1 kwartaal 1 Oefening (Werkkaarte)

Oefening 1 (werkkaart):

Voltooi die volgende werkkaart in jou werkboek.

1. ***Rangskik die volgende woorde in alfabetiese volgorde***:
   flou, flenters, flits, fladder, flikker, fliek, flink, fabel, fop, fort, foto, frokkie, fyn, frikkadel, fiks, fraai, fris, flap

2. **Maak sinne met die volgende woorde sodat duidelik is wat die verskil in betekenis is:**
   fee / vee; fier / vier; fors / vors

3. **Vul in f of v: Skryf die sinne oor.**
   a) Die liggie _likker in die __êrte.
   b) Jy loop _erby my!
   c) Dit het __erlede week gebeur dat die damme __ol geloop het.
   d) My _iets is in die _ietsloods.
   e) Haar __akansie was __reeslik lekker, ___eral aan die einde.
   f) Die seun spring __link op vir die meisie.

4. **Plak 4 woorde uit 'n tydskrif met f / v in *jou* werkboek:**

Oefening 2 (werkkaart):

- ***Skryf die volgende sinne oor. Jy moet die afkortings vir die onderstreepte woorde skryf:***
  Die dominee het die dokter gaan sien. Hy het sedert November sleg begin voel. Sy afspraak was vir twee uur namiddag. Almal wat in Pretoria bly kyk graag 7de Laan op die televisie. Skryf asseblief die dorpe neer in die Republiek van Suid-Afrika. Saterdag en Sondag is heerlike rusdae.

- ***Gebruik die letters van 'n tydskrif en plak die afkortings van al die maande van die jaar – Jy moet die maand uitskryf onder die afkorting.***

- ***Doen dieselfde met die weeksdae.***

- ***Gebruik 'n woordeboek en jou leerderboek om die volgende opdrag te doen. Jy skryf die antwoorde by die ooreenstemmende nommer in jou werkboek.***

1. **Waarvoor staan die volgende afkortings?**
   a) ww.
   b) kW.
   c) ekv.

d) bl.
e) ATKV
f) AD
g) d.w.s.
h) i.p.v.
i) telw.
j) v.l.n.r.

2. Skryf die afkortings vir die volgende woorde:

a) Save our Souls (red ons siele)
b) Répondez s'il vous plait (antwoord asb.)
c) redakteur
d) en ander
e) afdeling
f) generaal
g) figuur
h) ensovoorts
i) definisie
j) Provinsie

3. Skryf al die afkortings wat in die Wiskunde klas gebruik word om lengtes te meet.

Week 2 kwartaal 1 Oefening (Werkkaarte)

Oefening 3 (werkkaart):

- ***Maak sinne met die volgende woorde. Lees eers die woorde.***

breë	spieël	sleë	moeë	vlieër
reël	vlieë	oë	knieë	droë
reëling	koeël	vroeë	treë	vlieënde

- ***Maak sinne met die volgende woorde. Lees eers die woorde.***

bêre	rûe	môre	skêre	kêrel
skêr	nêrens	pêrel	lêer	wêreld
brûe	sôe	blêr	êrens	affêre

- ***Teken 'n pêrelring, skêre en sôe.***
- ***Vul die woorde in by die bekende liedjie:***

Suikerbos ek wil * jou wat sal jou mamma daarvan *

Oefening 4 (werkkaart):

- ***Sonder sinne en leestekens sal geen taal sin maak nie. Jy lees die volgende paragraaf stadig deur en skryf dit oor deur van leestekens gebruik te maak. Jy moet al die leestekens en hoofletters gebruik wat nodig is. Transkripsie is baie belangrik.***
  Skryf eers op rofwerk papier voordat jy die sinne oorskryf in die werkboek. Kleur jou punte in met rooi kleurpotlood en die hoofletters aan die begin van 'n sin met blou kleurpotlood. Daarna moet jy die rooi en blou kleure tel. As die een meer is as die ander, moet jy weer gaan kyk. Plak die landswapen by jou sinne in die werkboek.

die leuse van die suid-afrikaanse wapen is amptelik vertaal as eenheid in verskeidenheid almal moet trots wees daarop daar is pragtige simbole op ons landswapen die opkomende son stel energie voor en is die simbool van lig en lewe die sekretarisvoël se oopgestrekte vlerke simboliseer die beskerming van die nasie ons nasionale blom die protea beeld die skoonheid van ons land uit die khoisan-figure is 'n voorbeeld van ons rotskuns die twee figure kyk na mekaar en dit dui op eenheid die ryp koringare beeld ons land se vrugbaarheid uit wysheid en krag word deur die olifanttande op die wapen gesimboliseer die oorlogswapens die knopkierie en die spies is neergelê en dit dui op vrede

- ***Kleur die klinkers / vokale blou in en die konsonante / medeklinkers rooi in by elke woord, skryf die woorde oor.***

damwalle	petisie	familie	kantore
onderwyser	lelike	soldate	apteker
ernstige	hospitale	masjinis	waterlose
eggenote	sersant	ontdekking	olifant
polisie	potlode	vokaal	konsonant

- ***Begin die volgende sin soos aangedui, skryf die sinne oor:***

Jare gelede het die wind een aand so geloei om die hoeke van die huis.

a) Die winterwind
b) Een aand,
c) Om die hoeke

- ***Stel vrae – gebruik vraende voornaamwoorde – wat by die antwoord pas:***
  a) Een aand, jare gelede.
  b) Om die hoeke van die huis.
  c) Die wind.

- ***Skryf die volgende sinne oor – begin elke keer met vandag, gister en môre:***

  a) Die kinders speel rekenaarspeletjies.
  - ▪Vandag
  - ▪Gister
  - ▪Môre

  b) Ma roep die seuntjie terug, want hy moet bly.
  - ▪Vandag
  - ▪Gister
  - ▪Môre

- ***Begin die volgende sinne soos aangedui:***

  a) Jy kan saamkom as jy wil.
  - ▪Vandag
  - ▪Gister

  b) Die kat sluk die muis in.
  - ▪ Môre
  - ▪Gister

  c) Na die reëntjie loop die riviertjie sterk en breed.
  - ▪ Môre
  - ▪Gister

  d) Sy gaan die babatjie optel.
  - ▪ Vandag
  - ▪Gister

- ***Skryf die volgende sinne in die verlede tyd:***

  a) Die bobbejaantjie klouter teen die paaltjie uit.
  b) Hy maak die deurtjie van sy hokkie oop.
  c) Hy hou ‘n piesankie in sy linkervoorpootjie vas.
  d) In ‘n japtrap is dit opgevreet.

- ***Skryf die volgende sinne in die ontkenningsvorm. Begin jou sin met: Nee,:***

  a) Tinktinkie het die voëls bedrieg toe Jy ‘n koning wou kies.
  b) Tinktinkie het in ‘n muisgat ingekruip.
  c) Die voëls moet ‘n ander plan beraam.
  d) Uil kruip in die dag weg.